

Hiermee die eerste van 'n nuusbriefie wat elke maand sal uitgaan na julle saam met die agenda van die maand vergadering. Die doel hiermee om u op datum te hou van die nuutste klub bedrywighede en status. U sal op datum gehou word met die finansiële stand van die klub en enige orde reëlings wat van tyd tot nodig mag wees sodat die klub glad en goed kan funksioneer. Hoe meer kennis, hoe minder misverstande. Verskoon die lengte van die eerste een, maar met die nuwe bestuur is daar heelwat ordereëlings. Laat weet gerus as u iets spesifiek in hierdie spasie sal wil sien of 'n bydrae wil lewer.

Die nuutgekose 2012 klub bestuur Wilna (Voorsittster), Jannes (Onder voorsitter) en ek, Marius (webskepper en finansies en klaarblyklik nuusbriefskrywer) het Saterdag 25 Feb 'n lekker lang byeenkoms gehad om die klub se sake weer te hersien en vas te vat. Die volgende is alles voorspruitend daaruit.

#### Klub naam:

Die klub is amptelik bekend as Nomade Bergklimklub. Dit kan verwarring skep en die naam is verander na Nomades Voetslaanklub. Die grondwet en alle papierwerk sal mettertyd opgedateer word. Daarmee saam is die klub se leuse hier en daar verkeerd gespel. Dit moet lees Montani semper Liberi, nie sember nie. Dit beteken : 'Bergklimmers is altyd vry', Sien gerus ook die klub se webtuiste vir meer inligting hieroor. Aangesien Hendrik nie meer op die bestuur is nie, het Wilna ingestem om haar persoonlike posbus vir die klub se gebruik beskikbaar te maak. Posbus 53821, Wierdapark, 0149. Merk net duidelik Nomades asb. So spaar ons ook weer 'n paar rand elke jaar vir n aparte posbus, Dankie Wilna.

#### Finansies:

Klubfooie per persoon is vanjaar R120 per persoon. Dit is betaalbaar voor einde Maart 2012, anders sal u die nie-lid bybetaling op staproetes betaal en ook nie in aanmerking kan kom vir die fotokompetisie nie. Maak asb baie seker u kry 'n kwotansie by my, Marius as u die ledegeld betaal.

Hierdie fooie gaan onder andere vir die huur van die saal elke maand, ons vaste maandelikse bankfooie, die webtuiste, verversings en soms is daar items soos skryfbehoeftes en admin. Sien ook die voorlopige begroting later.

#### Staproete besprekings.

Die bestuur het elke stap van die jaar toegeken aan 'n organiseerder, Wilna, Jannes of ek. U sal op elke agenda en op die webtuiste ingelig word wie om te kontak vir reëling vir watter stap. 'n Deposito vir 6 tot 10 persone sal nou so gou moonlik aan AL die stappe vir jaar betaal word met die doel om dit vas te maak. Dan op die maand moet u teen die 1ste Dinsdag van die maand met die klub vergadering u naam Finaal op die lys plaas. Baie belangrik hier is om die Vrywaring op die vorm te lees en die vorm te teken. Teen die 1ste Saterdag, 4 dae later, na die Maandvergadering moet u asb u finale VOLLE bedrag inbetaal en my laat weet. Kansellasies sal ook nie daarna hanteer word nie. U is welkom om iemand anders in U plek te kry, laat weet ons net asb. Hierdie is alreeds n groot vergunning, aangesien van die roete besprekings agente een volle maand voor die stap die Volle bedrag wil hê en daarna Geen kansellasies toelaat nie, ons sal daarom probeer werk. Vir elke Staproete sal dan ook 'n stapleier aangestel word wat nie noodwendig die staporganiseerder is nie. Die persoon sal dan die skakeling met die roete opsigter/eienaar wees as daar enige probleme is met die verblyf/toegang/fasiliteite/krag/water/klagtes/verdwaal ens. Die stapleier sal ook sekermaak as elkeen aankom by die roete dat die vrywaring teen die klub geteken is. As u as stapper ook dan u naam op die besprekingslys neerskryf en daarby teken onderneem u om die Stapleier in sy posisie te erken. Ons stap as 'n klub saam, u het immers deur die klub bespreek, daarom kan ons dan ook Geen verantwoordelikheid neem vir enigeen wat nie bereid om saam met die groep te loop nie, maar alleen sy eie ding wil doen. Die groot groep mag wel, onder reëling soos met die stapleier in kleiner groepies opbreek, maar enkelinge mag nooit alleen stap nie.

Ons sal 'n R5 per Lid by die gelyste agent fooi per nag moet byvoeg om te help met koste soos die besprekingsfooie aan Jacana/Anvie ens, die bankkoste om die agente te betaal en dan sal die klub ook hieruit 'n sakkie hout per aand voorsien sodat die las nie gereeld op dieselfde persone neerkom nie. NIE-Lede betaal 'n Ekstra R10 per nag. Dus as Anvie bv R120 vra vir Bermanzi per nag, sal 'n lid vir die naweek (R120+R120+R5+R5=R250) en 'n nie-lid R250+R10+R10 = R270, om te help met die kostes wat die ledefooie normaalweg sou dek. Sluit dus asb aan. As lid, na 6 Stappe wen u net hieruit. Sluit dus aan!

#### Saamryeëlings.

Dit kan soms 'n tameletjie wees en onsekerhede veroorsaak. Die volgende is net 'n riglyn. Die finale sê lê uiteraard by die voertuig eienaar. Dit 'n nie die klub se verantwoordelik om 'n gaatjie vir u te kry om saam te ry nie. Die staporganiseerder sal egter probeer help om mense in kontak met mekaar te bring. Om saam met iemand te ry is ook 'n voorreg, nie 'n reg nie, en probeer asb ook om nie altyd net saam te wil ry nie. As dit enigins moontlik is, bied aan om te ry. Wat ons voorstel is dat as daar 3 of meer persone in 'n voertuig is die passasier die volle brandstof rekening tussen hulle verdeel. Die eienaar betaal dus geen brandstof nie. Die Voertuig eienaar sal die brandstofkoste bepaal. Of deur aan die begin en aan die einde vol te maak en die werklike verbruik te bepaal Of deur die (redelike) gemiddelde verbruik van die voertuig met die opgetekende aantal Kilometers te maal met die huidige brandstof prys. As daar net 2 persone in 'n motor is, is dit onredelik dat die passasier die volle brandstof rekening betaal. Daarom stel ons voor die voertuig eienaar betaal 1/3 en die 1 passasier 2/3 as dit net hulle 2 in die voertuig is. Die Tolgelde word eweredig deur ALMAL in die vertuig betaal. Die Reëlings moet verkieslik vooraf gekommunikeer word tussen die bestuurder/eienaar en die passasier om latere misverstander en ongelukkighede te voorkom.

#### Finansies/Begroting

Ek as tesourier sal probeer om die finansies so deursigtig as moontlik te maak aan u. Vra asb as daar enige onsekerhede is. Onthou net die klub se hoofdoel is om stappe te reël. Die klub wil Geen wins maak nie. Maar dit is tog onredelik dat die bestuur ander klublede moet borg. Daarom dan bv die ekstra paar rand by die Stapfooie en die R120 ledegeld wat ons werklik nodig het.

VOORLOPIGE Begroting.

<b>Vaste Maandelikse koste</b>	<b>Per maand</b>	<b>Per Jaar</b>
Huidige bankkoste(nog geen transaksies nie)	R 53.00	R 636.00
Saal huur by Biblioteek vir maand byeenkomste	R 80.00	R 880.00
Webtuiste maandelikse koste (geskat)	R 20.00	R 240.00
Tee/Koffie/Suiker ens	R 30.00	R 360.00
Pryse vir Fotokompetisie		R 1,200.00
Geen voorsiening is gemaak vir Admin, , Skryfbehoeftes en ander direkte koste nie. Die eetgoed word ook geborg. Baie dankie. Die Staporganiseerders en stapleiers eis ook geen telefoon/vervoerkoste nie. Wilna voorsien ook meeste van die fotostate en uitdrukke, sonder om ons geld te vra.	TOTAAL	R3316 minimum.
Ek ondersoek tans opsies vir 'n ander goedkoper bankrekening. Ek sal u op hoogte hou.		
Ledegelde : Gemideld 25 lede teen R120 per jaar		R3000.00 as alle lede betaal.

U kan dus sien as ons net 25 betaalde lede het, het ons 'n tekort. Betaal dus ASB u ledegeld.

<b>'n Tipiese staptoer. 2 Dae @ R120 per persoon per nag, 12 Stappers</b>		
Beskrywing:	Uitgawe	Inkomste
Direkte fooie aan Jacana: R240x12	R 2,880.00	
Besprekings Fooi aan Jacana	R 55.00	
Bankfooie vir 3 oorbetalings, (Deposito+Deposito+Finaal) ABSA : (R3.75+0.75%) x 3.	R 34.00	
Hout ens.	R 50.00	
<b>TOTALE UITGAWES</b>	<b>R 3,019.00</b>	
<b>INKOMSTE : Lede Wat stap EN betaal R250 x 12</b>	<b>R 3,000.00</b>	
<p>Soos u kan sien loop ons hier ook op 'n verlies uit. Die Ledegelde moet hier klein verkille invul. Daarom die R10 per nie-lid ekstra wat nie bydrae tot die ledefooie nie.</p> <p>Neem net kennis dat elke staproete natuurlik anders gaan wees, meer of minder stappers, dalk minder oorbetalings, of hout word verskaf. Hierdie is net 'n tipiese voorbeeld om aan te dui daar word Geen wins gemaak nie.</p> <p>As 'n Stapper dan ook nog kontant inbetaal is die fooie wat die klub moet betaal ongeveer R3.75 + R1.10 per R100 as die kontant by 'n tak inbetaal word. Probeer dus asb om elektroniese oorplasinge te maak waar moonlik.</p>		

WEBWERF : Besoek gerus die nuwe [WWW.NOMADES.CO.ZA](http://WWW.NOMADES.CO.ZA), gebore 2012/01. Blaai gerus rond. Klik hier en daar, as U bv die meeste tabelle/roetelyste wil sorteer, klik net op die titel van die kolom. Op die jaarprogram klik op 'n roetnaam en in die meeste gevalle sal u geneem word na 'n eksterne webtuiste wat u meer vertel. Op Roetes wat ons klaar gestap het, op die 2012 en vorige jaar programme, hou u muis 'n oomblik op 'n kolom en sien wie het saamgestap.

As u 'n vakansie beplan, gaan kyk gerus die skakels bladsy. Daar is al heelwat buitelewe webtuiste, natuurreservate en besprekings agente gelys. As u in sterre, planete en die maan/son opkom/sak tye belangstel, kan u dit ook hier vind.

Ek soek ook ASB nog ininteressante buitelewe/natuur verwante webtuistes wat kan lys, klubs waarvan u weet, Stapwenke en stap resepte asb. Deel asb u kennis en ervaring tot voordeel van almal in die stapgemeenskap.

**Grondwet**

Die klub se grondwet is in 1995 laas opgedateer. Die bestuur sal dit hersien in die nabye toekoms en aan die klublede voorlê vir goedkeuring. Meer hieroor later.

Kontak my gerus as daar iets voorspuitend hieruit is of enige onduidelikhede

.  
Hoop om jou op Nomades se volgende stap te sien.

**Marius Stander**

083 305 6223 , [MS@itt.za.com](mailto:MS@itt.za.com)